

*DIE BHOJPURI
VERHAAL VAN
DAWID L.
WATSON!*

ARNO & MARIANNE CLAASSEN

'N VARS NUWE DENKE OOR
GEMEENTEWEEES! (DEEL 1)

© KOPIEREG 2010

**ARNO & MARIANNE CLAASSEN
LIFEWISE CONSULTANTS**

UITGEGEE DEUR:

LIFEWISE UITGEWERS

ABSA, Takkode – 334 645
Rekening nommer: 9211 621 868

POSBUS 31288
WONDERBOOMPOORT, 0033

(012) 335 7571
Arno Claassen- 082 460 3024
Marianne Claassen - 082 412 7000

arno@lifewise.co.za

www.lifewise.co.za

DIE REGTE VAN DIE GESKRIF SOOS HY IS, IS IN DIE
HANDE VAN DIE SKRYWER. ENIGE LESER WORD
AANGEMOEDIG OM DIT VIR SOVEEL MENSE AS
MOONTLIK AAN TE STUUR SONDER OM DIE INHOUD
DAARVAN TE VERANDER. DIE INHOUD KAN VRYLIK
VERWERK WORD IN JOU EIE WOORDE EN WEER
GEBRUIK WORD ONDER JOU EIE NAAM!

VOORWOORD

Hierdie pamflet is deel 1 van 'n vars nuwe denke oor gemeente wees. Dit is duidelik dat wat ons het nie sleg is nie, maar definitief ook nie effektief genoeg is om die groot opdrag uit te voer nie. Dit is nie wat ons het in gemeente wees wat die probleem is nie, maar dit wat ontbreek! Die probleem bestaan nie in die teenwoordigheid van die probleem nie, maar in die afwesigheid van die regte of lig. Duisternis het net 'n bestaansreg in soverre daar nie lig is nie. Die saak oor gemeente wees moet dus baie pro-aktief benader word en nie reaktief nie. Om krities te wees op wat ons het, sal niks help nie, want die nuwe groei altyd uit die vorige. Ons is nie hier om probleme en skuldiges te soek nie, maar oplossings!

Verder moet ons ook duidelik verstaan dat 'n verandering in bloot die gemeente model in beginsel geen oplossing is nie. Nuwe gemeente modelle bring nie lewe nie. Die lewe is 'n Persoon en geen gemeente model kan lewe skep nie! Gemeente modelle kan net lewe huisves, akkommodeer en ruimte gee vir reproduksie, of dit kan selfs die teenoorgestelde doen deur lewe dood te druk. Alhoewel ons oor gemeente modelle praat is dit nie ons fokus nie, want die model en selfs die gemeente is net die middel tot die doel. Ons kan nie vir die gemeente bestaan en lewe nie, maar net vir die Here en Sy koninkryk. Ons is hier om Sy koninkryk te laat kom in so 'n mate dat ons en ons modelle moet verswelg en verdwyn in die proses. Dit op sigself is al klaar 'n mondvoll!

In die media word ons so oorval met negatiewe stories dat 'n mens later kwalik kan dink dat daar ook nog mooi dinge op hierdie aarde gebeur. As inleiding tot die reeks wil ek graag kortliks die verhaal van David en Jan Watson vertel wat in Indië afspeel. Van David weet ek al baie jare maar

het nog nooit die voorreg gehad om hom te ontmoet tot Maart 2009 nie. 'n Mens weet as 'n geestelike generaal voor jou staan en wanneer jy met 'n nuwe paradigma te doen het. Ek was die afgelope paar jaar baie teleurgesteld in die effektiwiteit van gemeentewees en het ernstig na antwoorde gesoek. Ek wys nie vingers na ander gemeentes nie, want ek sien my eie gemeente as die eerste een in die ry wat beoordeel moet word.

Die verhaal soos ek hom hier vertel is so korrek as wat ek dit kon navors in boeke en self by David gehoor het. Daar mag egter hier en daar korreksies wees want van die syfers is geskat. Hierdie kerkplanting in Indië was een van die vinnigs groeiende plantings wat nog in hedendaagse tyd plaasgevind het. Of jy daarmee saamstem is jou eie opinie, maar ek glo dit verdien om gerespekteer te word en noukeurig ondersoek te word. Hier is beslis iets hierin waarby ons almal kan baat. Onthou, jy hoef net te doen waarvan die Vader jou persoonlik oortuig het. Moenie modelle kopiëer nie!

Van David as persoon voel ek net om te sê dat hy beslis nie een van die voortvarende Amerikaners is wat blink van bo tot onder is nie. Hy is 'n kort, fris persoon met 'n uitnemende gees van nederigheid. Hy dra die veelvuldige merke van vervolging aan sy liggaam. Self skryf hy nie boeke om homself te promoveer nie, want hy praat die hele tyd oor die feit dat ons nie in God se pad moet staan en Sy heerlijkheid moet verdoesel en steel nie! Hy is 'n man van verhouding, wysheid, nederigheid en 'n commitment tot die hele liggaam. Hy is ook 'n gemeentekonsultant en adviseer gereeld mega gemeentes. Ek het by hom 'n totale liefde vir die hele liggaam en veral die ongelowiges opgetel. Hy is geensins in enige reaksie teen sisteme nie. Ek het hom nog nooit negatief hoor praat van enige kerk of leier nie. Oplossings word uit liefde gebore en nie kritiek nie!

DIE BHOJPURI VERHAAL

David Watson was 'n ingenieur van beroep waarna hy by die Southern Baptists teologie gestudeer het. Die Southern Baptists is 'n baie sterk Bybelgefundeerde kerkgroep, baie behoudend, baie konserwatief, maar sterk sending georiënteerd. Na sy studies is hy uitgestuur en het hy gemeentes suksesvol geplant in verskeie oosterse lande soos Indië, China, Malaysië en Singapoer. Hy was van die begin af bekend as 'n baie suksesvolle gemeentepanter.

Hulle het hom eendag uit Amerika gebel en laat weet dat hulle die regte plek het vir hom om 'n gemeente te gaan plant. Op sy aansoekvorms het Hy geskryf dat hy bereid is om te gaan waar geen ander persoon wil gaan nie! Hulle het toe die plek gekry wat bekend staan as "the missionary graveyard"! Aangesien hy iemand is wat van 'n uitdaging hou het hy dadelik die uitnodiging aanvaar.

In die noorde van Indië is die twee state van Bihar en Uttar Pradesh waar daar teen 1990 90 miljoen mense gewoon het wat die Bhojpuri taal praat. Hierdie is 'n groot hoeveelheid mense as jy in ag neem dat ons 52 miljoen mense in Suid Afrika het wat oor 'n baie groot terrein versprei is. Hierdie noord oostelike deel van Indië grens aan Pakistan wat Moslem is. Die Moslems het Indië in die dele ingeval, maar dit was en is veral die Bhojpuri's wat hulle teruggedryf het en hulle nog steeds in toom hou. Hierdie is radikale mense wat niks nonsens vat van buitestaanders nie. Bihar en Uttar Pradesh is die hartland van Hindu nasionalisme en opposisie teen enige vreemde sending aktiwiteite. Meer as 85% van die Bhojpuri's is Hindu en die res is Moslem en Animiste. Die Bhojpuri's is versprei deur meer as 170 000 dorpies of 'villages'. Die bevolking sluit al vier kastes in met die meeste mense wat

in armoede lewe en ongeletterd is. Dan is daar die klein minderheid wat al die streek se rykdom en bronne beheer.

Baie jare gelede het die Jesuïtiese sendelinge ongeveer 1% van die 'Untouchables' in die Rooms Katolieke kerk ingetrek. Teen 1947 het die Baptiste beweer dat hulle 28 baie klein gemeentetjies daar het wat ook nooit meer geword het voor 1990 nie! Teen 1990 was daar van die Baptiste gemeentes nog net 'n paar ou geboutjies oor met 'n klompie ou menses. Teen 1990 is David en Jan Watson ingestuur waarna hulle eers 'n jaar taalstudie en kulturaanpassing gehad het. Hulle het 'n agressiewe plan van evangelisasie, prediking en kerkplanting geloods wat oor die algemeen in die ander dele van Indië baie goed gewerk het. In hierdie eerste twee jaar het hulle ses dissipels gemaak waarmee hulle beplan het om die volgende jaar ses gemeentes te plant. Hierdie ses dissipels is egter wreedaardig vermoor en hulle is uit die land gesit. Daar was geen genade onder hierdie volk vir mense wat bekeerlinge maak nie. In die laaste 19 jaar van die beweging se bestaan is altesaam 17 gelowiges vermoor in die proses.

David was baie moedeloos en het vir ses maande sy wonde gelek in Singapoer. Wat hom betref was hy klaar en wou net teruggaan Amerika toe. Die Here het hom egter nie vrygestel nie en dit het gelei na 'n hernude bestudering van die Woord. Die Here het hom uitgedaag om nie gemeentes te plant soos die Westerlinge dit doen nie, maar soos Hy dit vir hom uit die Woord sal leer. Hy is toe weer terug om dit op 'die Here se manier' te gaan doen.

Teen 1992 het hulle weer 8 dissipels gehad waarmee hulle 8 gemeentes geplant het in 1993. Hierdie gemeentes is nie noodwendig soos ons in die Weste huiskerke ken nie, maar word oral in die markplein gevind. Saam met die reeds bestaande 28 gemeentes was daar nou 36 gemeentes! Dit

was die eerste keer in vier dekades dat daar nou groei was in die streke. Op hierdie stadium het David 'n opleidingsprogram geïmplementeer om vinnig genoeg nog gemeenteplanters te produseer. Teen 1994, die volgende jaar, was daar reeds 78 gemeentes! Teen 1995 was daar 220, teen 1997 ongeveer 1000 en teen 1998 amper 2000 gemeentes. Daar was ook geen Bybel in die Bhojpuri taal beskikbaar die eerste vier jaar nie. Die meeste mense kon ook nie lees nie weens die hoë vlakke van ongeletterdheid. Hulle het die Bybel op band opgeneem en vir die mense gespeel!

Teen 2000 het die Southern Baptists 'n ondersoekspan na Indië gestuur om die beweging te ondersoek. Hulle bevinding was dat daar ongeveer 4300 - 5400 kerke was met 'n totaal van tussen 300 000 – 375 000 mense betrokke in die gemeentes! Die gemiddelde gemeente was so tussen 67 – 85 mense groot. Dit is net interessant om te weet dat die gemiddelde gemeente in die wêreld, ongeag watter model jy volg, 67 lidmate het! Die ondersoekspan se bevinding was ook dat die gemiddelde gemeenteleier in die kerkplantingsbeweging meer vaardig in die Woord en bediening was as 75% van die teologiese studente wat deur die Southern Baptists se kweekskool opgelei word. Dit moet ook gesien word in die lig dat nie een van hulle amptelik teologiese klaskameropleiding gehad het nie. Die onkoste aan die planting van 'n gemiddelde gemeente was so 4 Amerikaanse dollar!

David Watson en sy vrou het Indië in 2000 verlaat en die beweging was op homself aangewese die laaste jare. Teen 2009 was die skatting dat daar alreeds 85 000 gemeentes was met ongeveer 6,5 miljoen mense daarby betrokke. Dit is seker nie baie as jy daaraan dink dat die bevolking nou 190 miljoen mense is nie, maar bly seker die vinnigste gemeenteplantingsbeweging van die moderne tyd. Ses en 'n half miljoen is baie mense as dit by

gemeentegetalle kom, maar as dit by die bevolkingsgetalle kom, blyk dit duidelik dat ons vooruit gaan, maar nog steeds nie die nasies gedissipel kry nie. Op die oomblik doen David Watson wêreldwyd opleiding in gemeenteplanting en fokus sterk op die Moslemwêreld.

‘n Ou pastoor van die ou Vrye Baptiste kerkies sê dat hy vir 20 jaar gespreek het in die areas met baie min resultate en nou as daar 10 Hindu’s is wat die evangelie hoor, sal 7 dit aanvaar! Baie van dit wat ek in die volgende studiestukke gaan skryf is gestimuleer deur hierdie verhaal. Verseker sit ons nie in dieselfde land nie, maar dis ten minste beginsels wat oorgebring en toegepas kan word soos ons dit in die Woord vind. Onthou, niemand verplig jou om te glo wat ek hier skryf nie. Jy moet dit self met die Here uitsorteer en verwerk vir jou eie situasie.

Die groot vraag op almal se lippe is dus: “Wat het David anders gedoen die tweede keer toe hy teruggegaan het?” Ek weet dat die antwoord jou nie net gaan interesseer nie, maar vir ewig jou eie paradigma oor gemeentewees vir eens en vir altyd gaan uitdaag tot hersiening. Verandering was nog nooit maklik nie, maar gaan ook nie alles oornag gebeur nie! Ek beveel jou aan om tydens die lees van die studiestukke niks uiterlik te verander nie, totdat jy die verandering binne in jouself kan beleef! Beweeg stadig, maar beweeg verseker. Uiterlike verandering moet vloei uit innerlike verandering!

Dankie dat jy bereid is om hierdie hoogs interessante toer saam met my mee te maak! Stuur dit vir soveel ander mense wat regtig sal belangstel, maar onthou om die opvolgdele ook te stuur. Ek beplan so 20 studiestukke wat so twee per week sal verskyn.

Sterkte in Christus
Arno Claassen

OPSOMMING

- 1) Die ontleding van die probleem is nie die oplossing van die probleem nie.
- 2) Die oplossing is 'n Persoon = Jesus Christus!
- 3) Kerk is nooit die doel, maar net die middel tot die doel.
- 4) 'n Verandering in kerkmodelle bring geen lewe!
- 5) God soek nederige mense wat nie Sy eer en heerlijkheid sal steel nie!
- 6) As ons saam met die Here werk, moet ons bou soos Hy wil hê ons moet bou!
- 7) Die Vader se geheime is net vir die ernstige soekers!
- 8) Ons het niks om te verloor behawe die valse in ons lewe wanneer ons oop is vir die nuwe van die Here.
- 9) Hy wat nie die nuwe ding gaan doen wat die Vader aan hom openbaar nie, sal nooit weet of dit nie die nuwe revolusionêre paradigma is nie!
- 10) Geen area is te dood vir die Here nie!
- 11) Gemeentes kan eksponensieel groei.
- 12) Hoe groter enige groep, hoe stadiger groei hy!
- 13) Oplossings word uit liefde gebore en nie kritiek nie!